# HELENA KRUGER

**Datum:** 5 Oktober 2010
**Plek:** Potchefstroom
**Vraagsteller (V):** Lize-Marie van der Watt | Geskiedenis Departement | Stellenbosch Universiteit
**Antwoordsteller (A):** Dr Helena Kruger |Fisikus | SANAE | 2006

**V:** Waar het die belangstelling in Antarktika begin?

**A:** Ek dink as klein kind, want my vader was betrokke daarby gewees. Hy het navorsing... Dit was seker sy breinkind vir Antarktika. As klein kind het ons, as kinders het ons baie keer saam met hom na die skip, die RSA toe gegaan in Kaapstad se hawe en een keer toe hy in Port Elizabeth was, was hy daar met vakansie gewees, en toe het ons gery Kaap toe om vir die RSA... Toe het die skip gekom... So toe het 'n mens al die gevoel gekry van Antarktika. As student wou ek vreeslik graag Antarktika toe gegaan het. Op daai stadium was vrouens nie toegelaat nie.

**V:** Het jy ooit probeer aansoek doen?

**A:** Nee, vrouens was eenvoudig nie toegelaat nie. Dit was by die ou basisse gewees. So ek het nie eens probeer aansoek doen nie want vrouens was nie toegelaat nie, net mans het gegaan. So, toe was dit nou drome daai tyd gewees maar ek het geweet dit kan nie, so ek het van die droom vergeet. En toe was ek vir 'n tyd lank uit die akademie gewees, kinders grootgemaak. En toe ek nou terugkom Potch toe, toe vra Prof. Moraal eenkeer vir my wil ek graag Antarktika toe gaan. En toe was dit wonderlik. Hierdie droom wat ek eendag gedink het nooit sal plaasvind nie, het toe gekom.

**V:** En toe gebeur dit [lag].

**A:** En dit was 'n groot dankbaarheid en opgewondenheid toe ek my man se toestemming kry dat ek Antarktika toe kan gaan.

**V:** Wonderlik! U is opgelei as 'n fisikus...

**A:** Ja.

**V:** ...Dit was u beroep gewees?

**A:** Ja, ja.

**V:** Nou die Antarktika betrokkenheid, het dit te doen gehad met die fisika, aanvanklik? Watse fisika het jy in gespesialiseer?

**A:** Kyk, ek werk spesifiek op neutronmonitors, en juis die doel hoekom ek ook afgegaan het Antarktika toe ek het 'n kleiner neutronmonitor wat ons noem 'n kalibrasie-neutronmonitor of sommer kalibrator, het ek afgevat. En toe het ons daarso, toe het ek daar 'n bietjie eksperimente en toetse daarop kon doen. So dit was direk betrekking op my navorsingswerk.

**V:** Op jou navorsing gewees, so, maar die neutronmonitors aanvaar ek is goed wat toegepas word op watter funksie, nie net in Antarktika nie, maar ook...

**A:** Nee, dis wêreldwyd het ons neutronmonitors. En maar ons het een op SANAE ook. So daar's 'n grote wat daarso is. Maar ons het nou 'n goeie ene hier gebou is wat spesifiek vir my navorsing is en die het ons nou gevat vir toetse en goed juis daar by Antarktika.

**V:** O, okay. In watter jaar was dit nou gewees?

**A:** Dit was einde 2006. Desember 2006 het ons afgegaan, tot 2007. Ja, in Februarie 2007 het ons teruggekom.

**V:** En dit was seker wonderlike nuus toe hulle vir jou gevra het, of toe Prof. Moraal vir jou gevra het of jy kan gaan?

**A:** Ja. Ja, dit was. Ek was eintlik half oorstelp gewees, veral toe my dogter vir my sê: "Mamma moet gaan, Mamma moet gaan." Hulle het geweet omdat 'n mens dit altyd graag wou gedoen het.

**V:** Stel enige van die kinders belang in Antarktika? Of nie regtig nie?

**A:** Ek dink daar is van die ander, maar ek dink nie dit is, hulle is in daardie rigting of iets dat hulle sommer soontoe sal kan gaan nie. My oudste seun het gesê, hy doen ook nou Fisika hier, maar goed

toe het hy nou pas getrou, toe het hy gesê as ek nie kan gaan nie dan sal hy in my plek gaan. Maar goed, hy is nou nie heeltemal in ons rigting nie.

**V:** Goed. Nou wat moet mens toe voorberei om die neutronmonitor af te vat Antarktika toe?

**A:** Nee wat, daar is nie spesifieke voorbereiding nie. Jy moet net goed verpak en alles. Daar was nie werklik voorbereidings gewees wat die neutronmonitor self betref nie.

**V:** Nee. Ja, ja, ja. So hy moes ook spesifiek gebou word vir die klimaat?

**A:** Nee. Hy was gebou gewees, ag, klaar dat mens hom net kan vervoer, omdat sy doel was om hom orals in die wêreld te vervoer.

**V:** Maar spesifiek om hom op 'n koue plek te gaan sit, moes hy anders gebou gewees het, of...?

**A:** Nee. Nee, want die elektronika is maar so gebou dat hy ook koue kon vat.

**V:** O, okay.

**A:** Ja goed, en dan het hy op die skip het ons hom al aangesit so hy kon toe al bietjie data kry. Nie dat ons veel daarmee kan doen nie, maar het 'n bietjie data gekry. Maar die groot doel was vir SANAE gewees.

**V:** Wat moes u dan nou spesifiek met die neutronmonitor gaan doen daar anderkant? Installeer, kyk hoe hy werk, persone oplei?

**A:** Nee ons het maar toetse daarop gedoen om te kyk hoe dit gaan werk, juis oor die koue omstandighede en ok wat die verskil is hier en byvoorbeeld het die temperatuurtoetse gedoen, en hoe die hoe dit werk bokant die sneeu en so. So hy was buitekant ook.

**V:** Okay. Nou was jy af gewees met 'n Potchkassie? Was daar iemand by gewees, 'n student wat vir die jaar sou gaan, of...?

**A:** Ja.

**V:** Van Potchefstroom spesifiek?

**A:** Ja. Chantelle het gegaan vir die jaar. Sy was saam.

**V:** O, was dit Chantelle wat gegaan het?

**A:** Ja.

**V:** En die skeepsry self, hoe was dit gewees?

**A:** Ja, dit was die eerste keer wat 'n mens op so 'n skip gery het. Ek het so bietjie visse gevang in die begin. Maar dit was ook vir my 'n goeie ondervinding gewees.

**V:** Het jy jou eie *cabin* gekry, of moes jy deel?

**A:** Nee, ek het gedeel. Die meeste van ons het maar gedeel.

**V:** Vier mense, twee mense?

**A:** Ja, ons was twee mense. Ek en Jen, sy was 'n meisie van... Sy is nou by Stellenbosch...

**V:** Ja, Jen-Lee.

**A:** Ja, Jen-Lee, ek en sy...

**V:** O, okay.

**A:** ...Het saam afgegaan.

**V:** Ja ek ken haar.

**A:** Ja, en met die terugkom het ek saam met Carol teruggekom.

**V:** O, Carol Jacobs?

**A:** Ja. Ek en Carol was met die terugreis saam.

**V:** O, okay.

**A:** En ek en Jen was met die afrit saam.

**V:** O, ek verstaan. Nou siende dat u in 'n omgewing is waar Antarktika nou nie heeltemal onbekend is nie, watter soort raad het mense vooraf gegee?

**A:** Vat genoeg gesigroom saam vir die uitdroog van jou vel. As jy wil jou eie beddegoed. Ja dit was veral Anne wat vir my, want sy was al vroeër daar gewees, wat sy my raad gegee het.

**V:** En die groot oop see, hoe lyk die groot oop see?

**A:** Ja, dis ook nou 'n ervaring, maar mens het geweet dit gaan net water wees, maar mens dis ook lekker as iemand sê "Daar's 'n walvis", iemand sien 'n walvis, dan storm almal uit om te kyk vir die walvis. Ons het ook voor op die dek gaan kyk vir die voëls en al die goed. So, nee dis 'n ondervinding, op die skip alleen, was dit klaar 'n ondervinding met die hele reis af.

**V:** Kan u spesifiek onthou toe julle die ys begin sien het, of die ysberge of so?

**A:** Ja. Toe ons die eerste ysberg gesien het, het hulle ook mekaar geroep "Kyk, daar's 'n ysberg. Kyk, daar's 'n ysberg", en later is ysberge nie meer snaaks nie. Maar jou eerste ysberg en jou eerste pikkewyn en jou eerste rob of, enige...

**V:** Eerste ding ja.

**A:** ...Eerste ding is tog altyd 'n ervaring.

**V:** En sê my toe die yswand kom, wat is 'n mens se eerste indrukke daarvan?

**A:** By die?

**V:** Yswand. As jy nou deur die pakys kom en jy, as ek dit so kan sê, en jy kom aan, jy arriveer?

**A:** Ja, ja. Ag mense het ook maar buitekant gaan staan en gaan kyk wat gebeur hoe die skip so deur die ys so sny. Dit was ook wonderlik om te sien hoe die skip werk. As hy dan agtertoe ry, dan kom hy met volspoed en hy probeer weer deurgaan.

**V:** Is dit nogal 'n stamp as hy so probeer deurgaan?

**A:** Daar is partykeer so 'n stamp as hy so tussen die goeters probeer deurgaan. En jy hoor ook die masjiene en hoe hy raas en dan weet jy nee, en dan gaan hy ook deur.

**V:** Kan 'n mens slaap as hulle dit doen?

**A:** Ag mens raak dit gewoond daaraan. Ja.

**V:** En hoe was julle vervoer van die skip af na die kontinent toe, want dit was mos by 'n nuwe basis en dit was baie binnelands?

**A:** Ons is met die helikopter af.

**V:** Kon 'n mens iets sien uit die helikopter uit?

**A:** Ek kon nie, ek het meer in die middel gesit, so ek kon nie so wyer uitkyk nie. Ek kon nie veel sien nie. Wat my agterna eintlik, na daai vlug, ek het toe langs Dewald gesit wat mos daai eerste dag oorlede is daarso. En ek het agterna besef maar ek het langs hierdie ou gesit. Ons het saam met hom by die basis aangekom, ons het saam in die kombuis gou ietsie gedrink, saam uitgegaan. So dit was... daai eerste dag was nie 'n...

**V:** Ja. Het dit 'n bietjie van 'n demper geplaas het op die take-over?

**A:** Dit het 'n bietjie, aan die begin. Ja want om so gou iemand te verloor het... Was nie maklik nie. Emosioneel was dit nie maklik nie. En veral as jy saam met daai groepie uit was.

**V:** Ja, ja. Jy het die persoon ontmoet en bietjie tyd saam spandeer.

**A:** Ja, en jy het saam uitgegaan. Dit was ons 5 gewees wat uitgegaan het. Ek met ander woorde jy was by gewees met die hele situasie.

**V:** Het u die ongeluk gesien gebeur?

**A:** Nee. Nee, want Chantelle en Dewald het met die twee ski-doo's gery, en ek en Pierre en, (wat is sy naam), het agtergebly. En toe het hulle nog gesê wil ek nie agter op die een slee ry nie. So ek het nagmerries gehad want as ek agterop, veral waar Dewald gery het, want altwee die ski-doo's het sleës agterop gehad en as ek agterop sy slee gery het, was ek ook daarmee heen. Hulle het my gevra wil ek nie saamry nie. Dit was Fritz, saam met Fritz.

**V:** O. Okay, ja.

**A:** Ja, Fritz Grobbelaar. So ek het net gesê nee, nie op daai stadium nie. En toe ons net weer sien, toe sien hulle ry, en toe ons weer sien toe maak Chantelle so [beduie]. Toe besef ons daar is moeilikheid. Toe het Fritz gegaan en gaan kyk, want hy het toe dadelik besef daar is 'n afgrond daar. Maar dit was so, as jy nie daai wêreld geken het nie, en jou sig is nie baie goed nie, dan kan jy nie mooi onderskeid maak tussen die sneeu en...

**V:** Die afgrond nie.

**A:** ...die afgrond nie.

**V:** So dit moes 'n bietjie moeilik gewees het om dan daai aand... Het hulle afgekondig of die mense ingelig...?

**A:** Ja ons het toe dadelik teruggegaan om te sê wat gebeur het. En ek en Pierre het teruggehardloop. Die ander het die ski-doo teruggery en toe het hulle maar net die dokter gaan kry en van die mense wat toe die plek ken, is toe afgelaai en vir Dewald gaan kry. En hy het nog geleef, en hulle het hom geopereer, en hulle het 'n ander dokter op 'n skip af laat kom en goed, en hulle het later vir ons gesê...

**V:** Hy was seker bewusteloos gewees?

**A:** Ja, hy was bewusteloos gewees. So dit was 'n bietjie 'n demper gewees aan die begin, maar die lewe gaan aan.

**V:** Ja. Mens het ook maar net 'n beperkte tyd seker.

**A:** Ja, mens het net 'n beperkte tyd so die lewe gaan aan, so ons moes aangaan.

**V:** Nou behalwe vir... Nog voor hierdie insident, as 'n mens die ou span sien, hoe lyk hulle?

**A:** As jy daar aankom?

**V:** Wat doen hulle?

**A:** Jy is verwelkom en alles en so. Jy het geweet baie van hulle gaan toegegroei wees en so, so 'n mens het dit half verwag. Maar daar is tog 'n gevoel wat jy nie kan beskryf nie as jy daar aankom, werklik daar aankom daarna en jy sien daai wit daarso. Dit is 'n ervaring wat jy nie kan beskryf nie. Dit is onbeskryflik. Eerste ding, kom jy in jou kamer en kyk jy by jou venster uit. Dit is nou 'n uitsig!

**V:** O, *wonderful*!

**A:** Dit is 'n onbeskryflike ervaring.

**V:** Moes julle kamers op die basis ook deel?

**A:** Ja, ons was vier dames in die kamer gewees. Maar dit was nie 'n probleem gewees nie. Dit is ruim kamers, groot kaste en alles.

**V:** Almal werk maar.

**A:** En mens neem mekaar in ag en jy...

**V:** Nou waaraan moet mens aanpas? In daai eerste week, wat is die grootste aanpassing?

**A:** Seker maar om jou voete te vind, kyk wat gaan vir wat en hoe werk dinge en alles. En ook jy deel 'n kamer so jy moet mense in ag neem, jy is nie alleen in 'n kamer nie. Ja wat, maar mens pas maklik aan, want jy wou daar gewees het, verstaan?

**V:** En by die omgewing?

**A:** Ook, dit was, jy pas ook aan. Jy vind uit by die ou span wat, hoe word dinge gedoen, waar mag jy loop, waar mag jy nie loop nie en alles.

**V:** En kom 'n mens agter dis koud?

**A:** Nie binne in die basis self nie omdat dit verhit word, maar as jy uitgaan, jy weet jy trek warm aan as jy uitgaan. Dis ook altyd baie keer die ding voordat jy uitgaan gaan kyk jy gou, gaan jy gou na die kamer, die weerkamer toe, en gaan kyk jy eers wat is die weer en wat is die wind.

**V:** O, ja. Ek hoor die wind is nogal baie moeilik.

**A:** Ja, en dan weet jy, en daar is baie akkurate temperature en dan weet jy ook hoe warm jy moet aantrek.

**V:** O, ek sien.

**A:** En dit hang af hoe ver jy uitgaan, of jy net 'n klein entjie uitgaan en of jy, jy weet of, 'n ver ent gaan stap of wat ook al.

**V:** Hoe gereeld het u die geleentheid gekry om buitentoe te gaan?

**A:** O, ek, ek was saam met Pierre. Ek weet nie of jy vir Pierre ken nie. Pierre Cilliers. En hy is ook so avontuurlik en ons het elke dag probeer uitgaan, al stap ons net 'n entjie. En Struan was toe ook nog op daai stadium ook... En partykeer as daar geleentheid was het ons saam met Struan wat weet van

krewasse en sulke goeters. En ons mag nie alleen, jy weet, ver gegaan het uit die basis nie, jy weet weggegaan het waar daar krewasse en goeters is nie en een of twee keer het hy ook saam met ons gaan stap en dan stap ons ‘n hele ent, ek en die twee mans. Of ek en Pierre het sommer net ‘n ent gaan stap. Of jy gaan stap alleen net om ‘n bietjie partykeer net uit te kom om die stilte en die omgewing te geniet.

**V:** Hoe lyk die omgewing daar? Hoe sou jy dit beskryf?

**A:** Goed, dit is harde ys, die sneeu want jy kraak soos jy loop. Ek het ook probeer met ‘n video dit afneem, net die geluid as jy loop op die sneeu. En dan natuurlik die klippe en goeters. Party plekke het klippe oppas waar dit glad is, van die ys en nie gly nie. So dis wit met klippe en goeters. Maar net partykeer daai stilte, as jy net so entjie weggaan van die basis, so bietjie weggaan van die diesel, so eenkant en... Daai dieselmasjiene wat so raas. Met daai stilte besef mens hoe wonderlik die Here die aarde gemaak het. En hierdie deel van die aarde wat anderste is, jy kan dit nie beskryf nie, maar dis deel van die skepping en met wonderlikheid gemaak.

**V:** Dis wonderlik ja.

**A:** Ja, net om jou te kan verlustig in die Here se skepping ook. Want min mense die geleentheid het om heen te gaan. Relatief min mense.

**V:** Ja, baie min mense, as mens kyk na 6, 7 miljoen mense in die wêreld is dit eintlik min.

**A:** Dis reg.

**V:** En... Maar vir jou werk, dit was meestal binne gewees?

**A:** Dit was meestal binne gedoen. Ons het die kalibrasiemonitor was vir ‘n tyd buite toe het van die, drie van ons so ‘n driepootstaander gemaak wat ons hom opgehang het daar en die hulp van ander gekry het om my daar te help. Leon du Plessis was ons wetenskapleier so het maar deur hom gewerk sodat ons hulp kon kry om hom so ‘n entjie uit by die basis te sit, toegemaak. Hy het sneeustorms weerstaan en alles so dit was ook om te kyk jy weet, kan hy dit doen en alles.

**V:** Maar waar is dit op die ou end opgestel? Was dit buite?

**A:** Nee hy was op verskillende plekke wat ons dit gesit het. Dit was binne die basis gewees, by die ander groot neutronmonitor was hy vir ‘n tyd, toe het hy net daar op die balkonnetjie net buitekant die gim, jy sal... Gaan jy self af?

**V:** Hopelik.

**A:** Jy sal sien by die gim is daar so ‘n balkonnetjie net buitekant toe het hy ‘n ruk daar gestaan, en toe het ons hom heeltemal buite die basis gaan, gaan opstel.

**V:** Is dit, is dit ‘n permanente neutronmonitor?

**A:** Nee, dit was ‘n kleintjie gewees. So dit was maar net vir toetse en goeters.

**V:** En nou, vir al die leke daar buite insluitende myself, wat presies doen ‘n neutronmonitor?

**A:** Kyk, daar is kosmiese strale wat vanuit die ruimte kom, en veral wat hy ook meet wat van die galaksie af kom en so dit tel maar die deeltjies. So as jy nou in die atmosfeer kom, dan is dit gewoonlik protone en so wat inkom, en dan vorm dit so ‘n kaskade van sekondêre deeltjies, en dan spesifiek die neutrone veral wat hy, wat hy tel. En natuurlik, jou deeltjies word weggeskerm deur jou aarde se magneetveld, maar jy het natuurlik meer deeltjies by die Suidpool waar jou aarde se magneetveld inkom. En nie soos hier so waar ons praat van afsnystyfheid, hoër afsnystyfheid beteken net jy het deeltjies met ‘n hoër energie wat eers hier kan inkom, terwyl daar kan jy deeltjies optel met ‘n laer energie want jy het ‘n baie kleiner afsnystyfheid. En jy het meer deeltjies wat inkom.

**V:** En hoekom meet ‘n mens die kosmiese strale?

**A:** Goed. Om te kyk hoe verander dit met die tyd, en byvoorbeeld daar is ‘n antikorrelasie met jou sonplekke en goeters, so met ander woorde dit word ook gemoduleer dan deur jou, met jou son, wind en alles so dan kan jy ook sien hoe verander jou hidrosfeer, en daarmee saam gaan verander dit tellings van jou deeltjies en so. So dis ook maar om te kyk wat die verband is daarmee, dat jy meer neutron deeltjies het.

**V:** Was die... 2006/2007, was dit 'n besige sonjaar, 'n stil sonjaar, of maar net gewoon?

**A:** Dit was meer 'n stil sonjaar gewees, maar jy kry genoeg deeltjies, daar is nie so 'n groot verskil nie.

**V:** Het julle toe saam gewerk met Hermanus, of was dit 'n Potch-georiënteerde, net Potch...

**A:** Ja, daai was net 'n Potch-ding gewees. Want jy weet die monitor was en is net 'n Potch-ding.

**V:** En is dit nog steeds so?

**A:** Dit is nog steeds so. Ek weet nie of hulle later gaan oorneem nie, maar op hierdie stadium is dit nog 'n Potch-ding.

**V:** En dan, moes mens die, was daar 'n persoon wat vir die jaar gebly het wat dit dan nou instandhou?

**A:** Ja, Chantelle het. Daar is altyd 'n jaarpersoon wat vir die jaar onder andere na die neutronmonitors kyk.

**V:** En moes mens haar dan *on site* oplei of het sy redelik geweet wat om te doen?

**A:** Sy het geweet wat om te doen. Sy het haar opleiding hier gehad. Ekskuus, sy het eintlik met die groot neutronmonitor gewerk en gekyk of dit reg loop en alles so dit was haar taak gewees. My taak was net om met die kalibrator te gewerk het. So ons het, ek het maar net sy tellings gekry by haar, wat ek nodig gehad het om te gebruik.

**V:** En hoe lyk die navorsingsuitset uit so 'n projek? Hoe gereeld publiseer 'n mens?

**A:** Nee daar het gelei tot 'n, onder andere, wat noem mens dit, 'n deel was van 'n artikel gewees.

**V:** Okay. En het Chantelle al 'n Doktorsgraad of 'n M of 'n ding hieruit gekry of was sy net af as 'n...?

**A:** Sy is af as 'n spanlid gewees.

**V:** Net as 'n spanlid? Aangestel deur Potch?

**A:** Ja. Potch het haar gestuur. Dis maar net ek weet sy was nou, maar dis nie ter sake nie, was dit nou Marion toe vir 'n jaar. Maar dit is nou nie deur Potch gedoen nie. So wat sy op die oomblik doen weet ek nie.

**V:** En die DC-ou van daai *trip,*kan jy onthou wie dit was?

**A:** Jeremy.

**V:** Jeremy?

**A:** Ja.

**V:** Jeremy, wat is Jeremy se van? Ek ken nog nie vir Jeremy nie, maar ek sal uitvind by UC of iemand daarso.

**A:** Ja, Carol het al die gegewens en goeters.

**V:** En Carol was ook af daai jaar?

**A:** Sy was ook af. Sy het later eers gekom. Sy het afgevlieg later. Sy het eers later gekom.

**V:** O, moes hulle... Afgevlieg om watter rede? Het hulle...

**A:** Nee ek weet nie hoekom sy nie vroeër saam met ons met die skip gegaan het nie maar ek weet nie wat haar redes was nie. Ek weet net sy het later gekom en toe het sy afgevlieg.

**V:** Wanneer het hulle Dewald se lyk terugvervoer? Met terugvoer van die skip of weet julle nou nie daarvan nie?

**A:** Ek sal dit in my dagboek hê want ek het so baie dagboek gehou so ek kan nie nou vir jou datums uit my kop uit sê nie. Kyk dit was 22 Desember wat hy oorlede was, die dag toe ons daar aangekom het.

**V:** Maar het hulle hom teruggestuur met die skip of met die vliegtuig, of...?

**A:** Hy het met die vliegtuig teruggegaan. Kyk hy het skip toe gegaan want ons het toe nie 'n koelkamer en goed gehad nie, hy het op die skip gebly. En toe is hy later, later het hulle hom weer gaan haal toe het hy een dag oorgegaan in die helikopter net so 'n entjie van die basis af, ons kon die helikopter sien so dit was 'n hele entjie sodat hulle hom kon vlieg toe 'n groot vliegtuig gekom het,

hulle het gevlieg na, wat is die ander basis? Troll?

**V:** Troll, ja, wat na die Ramai daar.

**A:** Troll, ja dis reg. En toe het hulle so gekom, en toe het die vliegtuig van die Kaap afkom om hom te kom haal. En toe het hulle hom gevlieg van die basis af soontoe, en toe het hulle hom Kaap toe gevlieg. Die datum kan ek nie onthou nie, ek kan dit vir jou...

**V:** Opkyk?

**A:** ...Vir jou opkyk, want ek behoort dit in my dagboek neer te geskryf het.

**V:** Het julle 'n diens vir hom gehou op Antarktika?

**A:** Ja.

**V:** En was die Kapelaan daar?

**A:** Die Kapelaan was daar maar hy het nie die diens gehou nie, Pierre het die diens gehou.

**V:** Is Pierre 'n...

**A:** Pierre Cilliers. Nee hy is 'n...

**V:** Was hy net daar gewees as iemand wat gepraat het?

**A:** Ja. Hy het maar baie hom in met die godsdiens en...

**V:** Hoe werk 'n werksroetine daar?

**A:** Nee, weet jy het maar jou eie werksroetine as wetenskaplike, as jy wil. Want jy kan 12:00[24h00], 01h00 buitekant toe gaan en buitekant gaan werk omdat jy die heeltyd lig gehad het, so jy het jou eie werksroetine. Maar mense het maar probeer om by die basiese, in die dag te werk en in die aand te ontspan en so. Met ander woorde mens het probeer om so normaal as moontlik 'n werksroetine te gehad het.

**V:** Was daar 'n sjef gewees? Wat gekook het?

**A:** Ja. Ja daar was 'n sjef gewees. Maar hy het nie omgegee as ons in die kombuis ingaan en ietsie gaan doen het soos byvoorbeeld 'n koek te gaan bak het en ek het ook eenkeer 'n bietjie gevra of ek kan bruinbrood bak vir die klomp.

**V:** Ag lekker.

**A:** Want hy het altyd witbrood gemaak. So dan bak ek 'n bietjie lekker vars gebakte bruinbrood.

**V:** Y*ummy.* Ek sou nogal daarvan gehou het.

**A:** Met , en toe het hulle nogal botter gehad en vyekonfyt gehad so dit was nogal baie lekker.

**V:** *Wow!*

**A:** Goed, mens het nie oorgeneem nie, maar net so af en toe. Ons het met ander woorde baie goed oor die weg gekom.

**V:** Kon die sjef darem kook?

**A:** O nee, hy het lekker gekook.

**V:** Is dit?

**A:** Ja nee, ons het lekker geëet.

**V:** En aandetes, was dit nou almal saam, of was dit maar...?

**A:** Ons was almal saam gewees, ja. Middagetes as ek reg onthou ook. Ek kan nie nou onthou nie. Maar ons het ook 'n etenstyd gehad. Ontbyt was meer as 'n selfhelp. Daar was min of meer 'n tyd daarvoor geskeduleer maar almal het nie altyd by die tyd gehou nie want na die tyd dan het ons mos *skivvy* diens gehad en moes ons opruim en solank al die kombuis aan die kant maak.

**V:** En het u enige kans gehad om te "abseil" of so daarso?

**A:** Ongelukkig nie. Dit was die tyd gewees wat hulle gesê het ons moet eintlik nie meer sulke goeters doen nie. Ek sou dit graag wou gedoen het. Ons het wel gaan matras afgly en so.

**V:** Het julle dit wel gedoen?

**A:** Ja.

**V:** Dis lekker!

**A:** Ons het uitgery en dit gaan aflaai en afgegaan in krewasse, so bietjie geoefen om op en af te klim daar met 'n tou daar in die garage, toe het Struan nog vir ons 'n bietjie gewys. Dit was lekker

gewees, en toe het hy ons uitgevat na krewasse toe.

**V:** En Kersfees en Nuwejaar? Het julle spesiale geleenthede daarvan gemaak?

**A:** Ja, tog. Kersfees het ons... Kyk toe was ons pas daar gewees, die 22ste het ons daar geland. Toe het ons bietjie omgestap met daardie windholte, wat is dit in Engels nou weer?

**V:** *Wind scoops*?

**A:** *Wind scoops* ja, heeltemal so omgestap en afgegaan in die *wind scoop* in. En in die aand het ons vleis gebraai toe ons nou terug is.

**V:** Ag lekker. Waar braai mens vleis?

**A:** Onder op die heli-dek.

**V:** O op die heli-dek.

**A:** Nee kyk as daar Suid-Afrikaners is, of jy nou op 'n skip is en of jy nou in Antarktika is, hulle sal 'n plek kry om te braai [lag].

**V:** Hoe is dit om middernagson, of 03h00-son, of 04h00 die oggendson te beleef?

**A:** Ja dit was nogal 'n aanpassing om altyd son te gehad het. So maar mens, maak net as jy wil gaan slaap, en dan gelukkig maak dit baie goed toe. So dis taamlik donker as jy gaan slaap. Ja dis nogal 'n belewenis om 24 uur lig te hê. So dit was ook weer 'n aanpassing toe ons weer op die skip terugry toe ons die eerste keer weer kon sterre sien. Jy kon daar nie sterre sien nie, en ons kon ongelukkig ook nie aurora sien nie as gevolg van die lig, maar dit was weer 'n ander...

**V:** Vir 'n ruimte-fisikus moet dit nogal 'n besonderse belewenis wees om aurora te kan sien.

**A:** Ja. Nee, dit is. Ons kon dit nie sien nie. Ek het gelukkig as kind het ek dit eenkeer in Ysland gesien toe ons Amerika toe gevlieg het. En toe het ons saam met my pa juis 'n dag oorgebly in Ysland sodat hy die aurora kon sien. So ek het hom al gesien. Ja.

**V:** Wonderlik. Was daar 'n bietjie van 'n gevoel daar is 'n *legacy* wat voorgedra word omdat u pa nou so baie betrokke was, of nie regtig nie? So half 'n nalatenskap of het mense daaroor gepraat spesifiek, op die skip of so?

**A:** Oor wat?

**V:** Oor die feit dat u sy dogter is.

**A:** Nee.

**V:** Of uitgevra, of...?

**A:** Nee, nie eintlik nie en ek wou ook nie want ek het gesê ek is my eie persoon so moet my asseblief ook nie vergelyk nie, so ek het dit eintlik probeer stilhou.

**V:** Nee, nee, nee. Ek vra net omdat daar...

**A:** Dit het partykeer uitgekom en dan sê ek "Man, ek is wie ek is, so moet my nie met hom assosieer nie. Ek het nie sy kennis nie, ek het nie sy ervaring nie, ek is nog nie lank in die navorsing nie, so, vergeet dit."

**V:** Okay, nee dis reg. En wat mis mens as jy in Antarktika is?

**A:** Jou familie veral, soos met 'n dag soos Kersfees. En soos Oujaar wat 'n mens saam was, dan mis jy jou familie.

**V:** Het julle geleentheid gekry om hulle te bel?

**A:** Ja, nee. Ons het baie geleentheid gehad. Dit was twee keer 'n week wat ons kon gebel het en 10 minute kon gesels het, as ek reg onthou. Mens onthou nie altyd die *detail* nie. E-pos as jy kon e-pos stuur. Dit het maar baie keer gesukkel om deur te gaan. Maar baie keer 23h00 die nag, dan is die e-posse stil dan het ons gou ge-e-pos. So 'n mens het toe kontak gehad. Maar mens het geweet jy is net 'n tyd daar so dit is miskien 'n eenmalige ondervinding ...

**V:** Ja, die meeste mense sou ek glo...

**A:** ... so mens het jou familie gemis. So ek sou glad nie omgee om weer af te gaan saam met my man nie [lag].

**V:** [lag] Wat doen u man?

**A:** Hy is ‘n teoloog.
**V:** O, hy kan die kapelaan wees [lag].
**A:** As hy die kapelaan kan wees en ek kan weer gaan navorsing doen... Ja, nee. Hy kan die kapelaan wees en ek kan die navorsing doen, dan sal dit baie lekker wees [lag], maar ek weet nie of dit beskore gaan wees nie.
**V:** As ‘n mens nou besef dit raak nou amper tyd om te gaan, wat gebeur dan?
**A:** Terug te gaan? Jy weet jy kan gaan terug na jou familie toe, maar jy weet jy gaan nie sommer weer hier uitkom nie, daai tyd, jy wil so lank as moontlik op die basis bly. Die tyd absoluut vashou. Die laaste keer toe ek by my kamervenster uitkyk, toe dink ek “Nou dit is seker vir oulaas. Totsiens!” So dit was maar tog ‘n bietjie hartseer gewees.
**V:** En as mens dan weer op daai skip klim, en die skip vaar, was daar van die spanlede wat julle kom groet het by die Bhukta?
**A:** Ja weet jy daar het ‘n paar gegroet voor mens weer met die helikopter gery het, het mens maar van die mense gegroet. Wat ek bietjie gemis het, mens was op die skip, toe dit by die Kaap aangekom het, dat mens nie mekaar werklik daar gegroet het nie, mense is af, en jy het daai mense twee en ‘n half maande saam op die skip, toe op die basis en terug op die skip, twee en ‘n half maande saam, en sommer maar net, jy gaan daai mense miskien nooit weer sien nie, en hulle is net weg. So ek het net gevoel mens moet tog, daar moet tog seker ‘n geleentheid wees dat mekaar almal kon gegroet het.
**V:** Ja, ‘n afskeidsete of so iets ten minste.
**A:** Of net so vinnig by mekaar gekom het en vir almal gesê het totsiens. Sien dit is ietsie wat ek persoonlik gemis het. Goed, mens kon seker persoonlik mense gaan groet het, maar mense was so besig met hulle eie dinge jy en pak en al daai goeters en...
**V:** Wat is die eerste ding wat ‘n mens oplet in Kaapstad?
**A:** Die berg, natuurlik. Wat nou lekker was ek het so ‘n swembad gehad wat ek saamgevat het waarin ons juis sneeu gesit het wat ek die neutronmonitor bo-op gesit het, en toe ons nou naby die Kaap was toe het dit natuurlik warm geword, dit was Februarie gewees, en toe ek vra iemand daar kan ons nie asseblief die swembad uithaal en swem nie. En toe het Leon du Plessis, hy was die... Toe het hy gesê goed, as julle die swembad gaan uithaal... Hy het eers vir my kom vra wat nou, want ek het nou die...
**V:** Apparaat daar gehad.
**A:** ... Apparaat daar gehad, en toe sê ek nee, en toe gaan vra ons die Kaptein of ons mag water intap, en toe sê hy nie seewater nie, maar ons het van die water ingetap – hy mag nie meer as halfpad wees nie – en toe het ons so in die water gaan sit.
**V:** Ag lekker!
**A:** En toe ons net daarin gaan sit het toe roep hulle ons en toe sê hulle mens kan Tafelberg sien. En toe het ons net so uitgegaan en gaan kyk.
**V:** En wat was die eerste ding wat jy gaan doen het in die Kaap?
**A:** Toe ons in die Kaap aankom?
**V:** Ja.
**A:** Nee wat, mens het maar jou goedjies gaan pak en alles en so en... Kyk, ons het die aand ingekom, ons moes eers die volgende oggend het ons eers ingery so ons was toe in die hawe gewees. So ons was ‘n hele aand in die hawe gewees. Ons het maar net gekyk hoe die son ondergaan en bietjie foto’s geneem van Tafelberg in die son, en die oggend vroeg weer. En maar ek het geweet ek gaan moet ‘n huurmotor kry, sodat ek kan terugry lughawe toe en kan terugvlieg.
**V:** So daar was nie ‘n groot verwelkomingskomitee gewees nie?
**A:** So ek was nie verwelkom nie so ek het, so met ander woorde jy het maar gewag dat die skip nou moet ingaan, en goedjies gekry en jy moes wag want dis deur doeane wat jou goeters is en jy mag afgaan en so, min wetende my man staan daar vir my en wag! En ek gaan, ek vra vir Riaan “Hoor hierso”, want toe kom sy huurmotor en almal, maar waar is my huurmotor? Het dit nog nie gekom nie? En toe het Leon geweet van die storie. “Nee,” sê hy, “hy sal seker nou-nou hier kom.” En toe ek

weer kyk, toe ek uitgaan om te kyk of die huurmotor daar is, toe staan my man daar met ‘n bos blomme.

**V:** Ag wonderlik!

**A:** Ek skreeu toe sommer “My man is hier, dis my man!” [lag]

**V:** Jis, dis ‘n mooi verrassing!

**A:** Dit was ‘n wonderlike verrassing gewees. En toe, wat hulle juis hierso, en ek dink dit was Harm Moraal wat dit so gereël het dat hy wel kon afgaan, en toe het ons saam teruggevlieg.

**V:** Ag dis ‘n pragtige storie [lag]!

**A:** Toe het my verhaal baie mooi geëindig.

**V:** Geëindig, ja. Is daar spesifiek iets wat as mense sê Antarktika, waaraan jy dink?

**A:** Ag ek dink aan die hele, die basis en die hele opset daar en die sneeu en die landskap. So dis nie iets spesifiek nie. Ek kry so ‘n geheelbeeld daarvan, so ek het nie iets spesifieks waaraan ek dink nie.

**V:** Hoe belangrik dink u is dit vir Suid-Afrika om die basis aan te hou?

**A:** Ek dink dis baie belangrik, om as deel van navorsing. Daar is mense wat deel is van die ander basisse vir samewerking met die res van die land so ek dink dit is belangrik dat ons kan deel wees van navorsing in Antarktika. En ook kontakte kan hê met ander lande, so vir internasionale kontakte, navorsing dink ek dit is belangrik.

**V:** Baie dankie. Is daar nog iets wat u wil sê?

**A:** Nee.

**V:** Dankie.